

Ps 150:1,3 Loof God loof sy Naam alom  
Ps 145:1,12 U naam o Heer so hoog in heerlijkheid  
Ps 116:1,10 God het ek lief want die getroue Heer

Skriflesing: Num 7:1-11 en 84-89

Teks: v9

Tema: Het die kerk vir jou werk?

Met die ingebruikneming van 'n nuwe gebou word daar gewoonlik 'n groot fees gehou waarheen al die vername mense van die dorp genooi word. Die oprigting van die tabernakel is pas voltooi. Die volk se meelewing sentreer rondom die tempel en hulle bring elkeen geskenke.

Aan die Kehatiete word opdrag gegee om die heilige dinge op hulle eie skouers te dra.

Daar was vir elkeen werk in die kerk.  
Kom sit skouer aan die wiel waar God jou wil gebruik

## INLEIDING

Die gedeelte volg pas nadat Moses die Aäronitiese seën uitgespreek het.

- Merkwaardig: God seën en dan volg die offers/werk van die volk.
- Elke stam se naam word genoem – dit beteken elkeen word ingesluit in die seën wat pas uitgespreek is en die offers wat gebring moet word.
- Die leiers lei die volk in toewyding aan die Here – wees voorbeeld.
- Met al die gawes wat gebring is, was daar genoeg vir die daaglikse maaltyd, brand, en vredes offers.
- Om te offer het geen eiende nie – twaalf dae aaneen word daar gawes na die tabernakel gebring.

Waar daar gewoonlik min woorde gebruik word om gebeure te beskryf, word daar in Num 7 baie detail verskaf.

Rede –

- Tabernakel sit God se seën aan einde van hfst 6 voort.
- Dit is die fokus punt van die volk se geloofsbelewenis.
- Dit is waar God se teenwoordigheid sigbaar is.
- Daar word voorsiening gemaak vir die versorging van die priesters en Leviete.

In die gedeelte is daar 'n skerp onderliggende boodskap wat in die NT verder uitgebou word.

Geloof beteken - gee, offer, plaasvervangende werk van die Lam ter wille van die mens se sonde.

Vergelyk Rm 12:1 - gee jouself as lewende Heilige offer.

1 Petrus - heilige priesterdom

In die beskrywing van die inwyding van die tabernakel het elke leier bygedra.

Osse, waens, brons, silwerbakke en veel meer.

Elke groep het iets merkwaardig gedoen.

Vir die Gersoniete – twee waens en vier osse

Vir die Merarigroep vier waens en agt osse

Vir die Kehatiete word die opdrag gegee dat hulle werk was om die heilige dinge op hulle skouers te dra.

So is daar vir elkeen 'n spesifieke werk sodat almal deel bydra om alles by die tempel vlot te laat verloop.

Les: Ons het elkeen 'n bepaalde taak en plek in die gemeente:

Besondere dienste

Amp van die gelowige

Iets prakties word ook in die opdrag ingesluit:

Dra voorwerpe op skouers.

Sluit al die heilige dinge in.

Moet dus nie sit en wag vir dienswerk nie.

Die Here vra 'n gesindheid – wees gereed en wees diensbaar!

Kom sit letterlik skouer aan die wiel

Beeld beskryf hoe ek help ondersteun as iemand swaar las dra.

Dit beskryf ook eenheid en nabyheid – (pragtige beeld van wat geloofseenheid en onderlinge meelewing beteken:

- die gemeente moet naby mekaar loop.
- die gemeente moet op mekaar se behoeftes let.

Al die opdragte in Numeri word op verskillende maniere in die NT verder uitgebou.

Die dienswerk word uitgebrei om God se liefde en teenwoordigheid sigbaar te maak.

Daar bestaan 'n opvallende ooreenkoms met woorde en beelde as ons na Paulus se opdrag aan die Galasiërs in Gal 6:1-10 luister.

Nadat hy in die eerste gedeelte van sy Brief baie aandag aan Christus se verlossingswerk gegee het, volg daar praktiese voorskrifte vanaf hfst 6:

Oorsig:

Ons wil graag mekaar se laste dra- dit is in mens se aard om mee te leef en betrokke te wees by lot en omstandighede van almal.

Redes – ontvang eer.

- Gehoorsaam liefdes gebod.
- Kry iets in ruil

Vir Paulus is dit net bewys van onderlinge liefdesdiens.

Daarom sluit hy meeste van sy briewe so af.

Die meeste van die gemeentes aan wie hy skryf was pas gestig en op mekaar **aangewese**.

Dit beteken dat ons mekaar ook nodig het. – juis in tyd van worsteling, aanvalle van satan en toenemende druk van wêreld om Christus te verdring.

Die opdrag is die logiese gevolg van die werk van die Gees wat in die eerste hoofstukke beskryf word.

Eers werk God en dan gee Hy opdragte

Terug na Num 7 – eers seën Hy en dan volg die voorskrifte aan die volk.

### **Wat beteken dit om mekaar se laste te dra?**

-sodanige optrede kom by baie volke voor>

Christene is anders:

gelei deur Gees – aan God rekenskap gee  
met sagmoedigheid (gesindheid)  
bewus van eie tekortkominge

Ons is elkeen instrument in God se hand. – elke groep in Num doen iets anders. –Tog werk elkeen saam.

In die praktyk beteken dit dan:

'n las was 'n pak op die skouer – ongemaklik en moeilik om te hanteer

Ook meer omvattend – alles wat belemmer of van koers laat bring

Selftoets - met my optrede kan ek ook las wees vir ander.

Kruis dra- sien Christus onderweg met sy kruis na Golgota

Om las te dra het daarom geestelike en vleeslike betekenis.

Opdrag word verfyn. Ek wag nie eers tot iemand swaar dra nie. Ek moet voortdurend kyk waar ek kan help dra. Die Kehatiete het al die heilige dinge op hul skouer gedra. Dit impliseer dat ek oral en altyd beskikbaar is.

Dus >>>> moenie wag om iets te doen nie. Wees voorbeeld vir ander.

Want van alles sal jy rekenskap gee.

As jy te besig is om te help, moet jy ondersoek instel of jy dalk nie met te veel ander dinge besig is nie, en nie beskikbaar is om “ al die heilige dinge op jou skouer te dra nie.”

Maar Paulus gee 'n belangrike tweede opdrag>

DRA OOK JOU EIE LASTE

As elkeen sy las self dra, is daar noodwendig minder van ander wat gedra moet word.

Ons het elkeen 'n verantwoordelikheid :

- Pligsgetrou
- Ywerig
- Self oppas na liggaam en Gees

DOEN SELFONDERSOEK OOR DIT WAT OP JOU SKOUERS IS.
---

Raak konkreet oor dit wat jy kan doen:

Ondersteun finansiëel

Gee erkenning

Gee met opregte gesindheid.

Saaï sonder ophou.

Wees geduldig

Laat geen geleentheid verbygaan nie.

Geloofsdaad – die “kerk” het vir my werk!

Kom sit skouer aan die wiel waar ookal God jou wil gebruik!

AMEN

